# REDAKSIONEEL

Die vorige uitgawe wat aan die verhouding van Geskiedenis tot sy buurwetenskappe gewy is, is goed ontvang. Dit toon dat daar 'n behoefte was aan 'n breër kyk op die samelewing wat deur interdissiplinêre samewerking moontlik gemaak kan word. Daar is wye velde van ondersoek in die 20ste eeuse geskiedenis wat teweeggebring is deur die faktor van industrialisasie en verstedeliking en die gevolglike strukturele veranderinge wat o.a. betref denke, kultuur, bevolkingsverskuiwings, geestesklimaat, groepsverhoudinge en -houdinge, die verskynsel van klasse of ekonomiese belangegroepe, tydsgees, kollektiewe mentaliteite, en Suid-Afrika se telkens veranderende posisie in Afrika en die wêreld. Hierby kom stedelike teenoor plattelandse geskiedenis, veranderinge in die landbou en ander bedrywe, bosbou, besproeiing, omgewingsbeplanning en dies meer. In die argiefbewaarplekke wag talle reekse 20ste eeuse dokumente op ontginning.

Ons het die oorheersende fase van temas soos politiek, staatkundige instellinge en beleid in ons geskiedskrywing verbygesteek. In die post-koloniale wêreld wag samelewingsgeskiedenis met sy sosiale en ekonomiese verskynsels om ontgin te word, en dié vereis 'n studie nie net van intrepreneurs nie, maar ook gewone mense, die alledaagse werkers, blanke boere én swart kleinboere van die Swart nasionale state — mense wat deur die konsentrasie van die historiografie op die elites, groot manne en beleidmakers in ons geskiedskrywing — verwaarloos is. Naas die hermeneutiese metode wat op individualisering gerig is, het daar kollektiewe, massa- of bo-individuele groepsverskynsels verskyn, wat 'n verbreding van sowel die historiese tematologie as metodologie vereis. Dit het geskiedenis nader aan die sosiale wetenskappe laat beweeg van wie se metodes hy by wyse van leen gebruik maak om sy doelstellinge as vak in eie reg te bereik. In die nuwe samelewing het geskiedenis ambivalent geword: hy het 'n Janusgesig ontwikkel wat van hom sowel geestes- as sosiale wetenskap maak, afhangende van die gesigshoek waaruit na hom gekyk word.

In hierdie uitgawe word na die verhouding van Geskiedenis tot die Staatsleer Sosiologie, Wysbegeerte en Argeologie gekyk. Die rigting waarin die Historiese Genootskap met HISTORIA beweeg het, verhinder dat aangebode artikels gou opgeneem kon word. Die ongerief wat daaruit vir medewerkers gespruit het, spyt ons baie. Ook het daar weinig manuskripte van Engelstalige kant binnegekom. Om hierdie probleme uit te skakel, sal die September-uitgawe aan aangebode stukke gewy word en ook artikels in Engels opgeneem word. Agterstallige boekbesprekings kom in hierdie uitgawe en in die volgendes tot hul reg.

Die Redaksie hoop om in April 1984 kans aan ons buurvakke te bied om te sê hoe geskiedenis vir hulle tot nut kan wees, wat hopelik tot 'n interdissiplinêre gesprek kan lei. Daar word plaaslik veels te weinig tyd aan metodologiese vraagstukke gewy. Die hoop word uitgespreek dat lesers hulle na aanleiding van ons historiografiese uitgawes sal uitspreek. Sonder 'n gesonde interne metodologiese gesprek, maar ook op interdissiplinêre vlak, kan ons vak nie besondere vooruitgang maak nie. Daar moet teen verstarring, ortodoksie en remmende konvensionele metodes gewaak word.

Vernuwing in ons historiografiese bedryf het 'n noodsaaklikheid geword, wil ons reg laat geskied aan die vrae wat uit die nuwe samelewing spruit, veral van die kant van jongmense. Dit raak sowel leergange op skool as aan die universiteit. Daar is sonder twyfel agteruitgang wat betref die getal studente op skool en aan die universiteit wat geskiedenis as vak neem. 'n Mens sou van 'n verval van die historiese bewussyn, veral by blankes, kan praat. Dit alleen behoort historici tot nadenke te

stem. Ons nooi lesers uit om bydraes hieroor te lewer.

In hierdie uitgawe word 'n aantal briewe uit die Bloemfonteinse "Refugeekamp" met 'n inleiding oor die skrywers en hul agtergrond opgeneem. Dit moet gesien word as 'n bydrae by die 80ste herdenking van die Vrede van Vereniging in 1982, toe daar 'n reunie van "kampkinders" was. Die Redaksie bedank die betrokke families vir inligting en hul samewerking wat hierdie publikasie moontlik gemaak het.

Ten slotte. Die Redaksie is dankbaar teenoor die lesers vir hulle ondersteuning van ons historiese tydskrif. Ook 'n woord van dank aan die Universiteit van Pretoria en die Departement Nasionale Opvoeding wat gehelp het om hierdie uitgawe van HISTORIA moontlik te maak. Weens stygende drukkoste is ons finansiële posisie by tye sódanig dat daar na borge omgesien sal moet word. Dit sal 'n aanklag teen Suid-Afrika se historiese besef wees as HISTORIA, wat sedert 1956 uitgegee word, weens finansiële probleme moet verdwyn.

FA VAN JAARSVELD
*Hoofredakteur*